Dinsdag **2 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 32**

**Fokusgedeelte: Psalm 32**

**Bely jou skuld!**

Baie van die sondes wat ons doen, is nie aan ander mense bekend nie. Omdat ons alleen daarvan weet, dink ons ons kan dit vir God ook wegsteek. As God nie daarvan weet nie, hoef ons mos nie nederig en skaam voor Hom te staan en al ons lelike sondes voor Hom uit te stal nie.

Dawid het ook gereken hy kan oor sy sonde swyg, maar toe word hy *onverklaarbaar* siek. Sy liggaam het uitgeteer en sy krag het soos water in somerhitte vinnig minder geword. Die hele dag het hy om hulp geroep, maar niemand kon hom help nie. Die siekte was egter nie so onverklaarbaar nie. Dit was God se hand wat sy krag uit hom gepers het omdat hy nie sy skuld bely het nie.

Gelei deur die Heilige Gees het hy berouvol sy skuld bely: Ek was opstandig teenoor die Here. Ek het gesondig en dit ook nog probeer wegsteek vir Hom. Die heerlike gevolg van sy belydenis is: “U het my skuld vergewe.” Of hy gesond geword het, weet ons nie, want die vergifnis van sonde weeg swaarder as sy gesondheid.

Laat ons ook luister na die onderrig van die Gees. ’n Gelowige sondaar sonder berou is soos ’n goddelose met baie smarte. God laat die sonde nie ongestraf nie. Hy het eerder sy Seun vir ons sondes gestraf as om die sonde ongestraf te laat. En nou het ons die Heilige Gees: Hy haal die “onverstandige perd en muil” uit ons uit en maak ons vrymoedig om na God te gaan en in Christus om vergifnis te smeek. In my berouvolle hart getuig die Gees dan van die vergifnis wat ek in Christus kry. Ek voel hoe die Here my inderdaad met sy liefde omvou.

*Sing: Psalm 32-1:1, 3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*